Graad 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSEMPLAAR

VRAESTEL 2

November 2014

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1.	**Mutsuku**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**4**
EN				
2.	**Kaptein Duiwel**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**6**
EN				
AFDELING A: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
3.	**My siel, Pa**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**7**
EN				
4.	**Wetenskapmannetjies**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**9**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Mutsuku – Izak De Vries

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hoe moet ek eet van 'n wit papier wat in my hand is, dink meneer Ndou. Wanneer hy voor kom, sê die man agter die toonbank nie eens meer wat om te doen nie. Almal weet al teen die tyd hulle kry vandag niks, jy moet eers die wit papier na die hospitaal vat, dan sal hulle dit invul, dan bring jy dit terug, dan doen jy van voor af aansoek. Hy vat die papier by die man en vra: “Hoe lank gaan ons moet wag?”

Die jong man agter die toonbank trek net sy skouers op en probeer ‘n wit vorm verby die oubaas druk na die vrou wat volgende in die tou is.

Daar is 'n waterigheid in meneer Ndou se oë wat hy ergerlik afvee met sy deurgewaste sakdoek. Hy is heeltemal stom. Wat nou? In die eerste plek moet hy terugkom by die huis en dis 'n lang ent. Daar is nie meer geld vir die taxi nie.

Hy skud sy kop soos hy loop. Die Januarieson brand hom tussen sy blaaie. Sy kop is naderhand vol sweet. Iewers langs die pad besef hy dat hy steeds die stuk pappier in sy vuis vashou. Ergerlik klik hy sy tong vir homself. Wat nou as hierdie papier oninvulbaar is teen die tyd dat hy by die hospitaal uitkom?

1.1 Is die volgende stelling waar of onwaar? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

Meneer Ndou is ontsteld omdat hy nie sy salaris gekry het nie. (1)

1.2 Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER en die antwoorde neer.

Meneer Ndou het sy 1.1.1(broek/hemp) die vorige dag al netjies gewas en gestryk en hy het ook sy 1.1.2 (huisie/skoene) skoongemaak. (2)

1.3 Daardie oggend het meneer Ndou vir homself en sy geliefde hond, Mutsuku, pap gemaak. Hoe het hy die pap verdeel? Gebruik ‘n volsin soos: Hy kry ….. en Mutsuku kry …… OF Hy verdeel dit…… (1)

1.4 Wat wou meneer Ndou daardie middag gekoop het om homself te bederf? (1)

1.5 Wat beteken sy hond se naam, Mutsuku? (1)

1.6 Waarin bly meneer Ndou en Mutsuku? (1)

1.7 Wat is vir meneer Ndou voordelig om naby sy blyplekkie te hê? (1)

1.8 Meneer Ndou het nie geld gekry nie en kan dus nie kos koop nie. Wat kan meneer Ndou nog eet om aan die lewe te bly, maar Mutsuku nie? (1)

1.9 Meneer Ndou het twee dae voor Mutsuku geen pap meer sou hê nie oor die radio gehoor dat NTK mieliemeel geskenk het en hy het dit later gaan haal.

1.9.1. Wat gebeur daardie aand? (1)

1.9.2. Wie dink meneer Ndou was dit wat hom met die sak meel gesien het en die diefstal gereël het? (1)

1.9.3. Wat sit hulle oor meneer Ndou se gesig sodat hy nie moet sien wat aangaan nie? (1)

1.9.4 Wat doen die inbrekers met Mutsuku? (1)

1.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A – D) neer.

Die plan waaraan meneer Ndou gedink het om antiboitika vir Mustsuku te kry, was om…

A dit by die hospitaal te gaan steel.
B Mutsuku na die veearts toe te vat.
C homself te sny met iets wat geroes is.
D alles vir die dokter by die hospitaal te vertel. (1)

1.11 Wat wou die dokter doen toe hy gesien het hoe ontsteek meneer Ndou se wond was? (1)

1.12 Wat het op die ou end met Mutsuku gebeur? (1)

1.13 Wat is die tema van die kortverhaal? (1)

[17]

EN

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***Kaptein Duiwel* – Dana Snyman**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'n Halfuur tik verby op die dashboard se horlosie. 'n Uur. Later begin Pa en Oupa bereken hoe lank sal ons kan oorleef op die water in die Hillman se radiator, terwyl ek begin huil en Ma vertel van die storie wat sy in 'n tydskrif gelees het van 'n vliegtuig wat in die Andesgebergte geval het met 'n klomp rugbyspelers in, en hoe hulle later die dooies begin eet het.
"Wag, wag, hier kom nou iets." Oupa beduie na 'n beweging in die verte. Eers lyk dit na 'n trein, maar dit word 'n tamaaie lorrie wat oor die vlakte aangebewe kom. En hy gewaar ons, want hy toet. Toe grom hy in 'n laer rat in en kom bewend en blasend langs ons tot stilstand. Die deur swaai oop. 'n Leë bottel val uit en breek op die teerpad. 'n Man in 'n wit stofjas kom agterna, wiegend op sy voete.
"Jis, jis, howzit, dit smaak my julle het troubles! But don't fear when Kleingiel Stols is near -:... hulle noem my nie verniet die Kaptein Duiwel van De Aar nie."
Hy gaan peuter onder die enjinkap, stap om en draai die Hillman se sleutel maar niks gebeur nie.

2.1 Die familie was op pad van Daniëlskuil na Pofadder toe die motor gebreek het.

2.1.1 Is die volgende stelling waar of onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die familie het drie-uur uit Daniëlskuil vetrek. (1)

2.1.2 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (2.1.2) en antwoord neer.

Die familie wou by (oom Gertjie Niemoller/Kaptein Duiwel), wat in Pofadder bly, gaan kuier het. (1)

2.1.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A – D) neer.

Die rede waarom hulle by die familie wou gaan braai het, was omdat dit … was.

A Kersdag
B Nuwejaarsdag
C Valentynsdag
D ouma se verjaarsdag (1)

2.1.4 Hoeveel myl buite Poafadder het die motor gebreek? (1)

2.2 Pas die karakter in kolom A by die onderdeel van die motor wat die persoon dink gebreek het in Kolom B. Skryf net die vraagnommer (2.2.1 – 2.2.3) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
2.2.1	Die verteller se ouma.	A	Coil.
2.2.2	Die verteller se pa.	B	Fênbelt.
2.2.3	Kaptein Duiwel.	C	Cambelt.
		D	Bearings.

(3)

2.3 Kaptein Duiwel bied toe aan om die familie te help deur hulle motor te tou.

2.3.1 Soos wat voel die rit vir die verteller? (1)

2.3.2 Wat is die verteller se ma besig om te doen terwyl hulle getou word? (1)

2.3.3 Wat doen die verteller se pa om Kaptein Duiwel se aandag te probeer kry terwyl hulle getou word? (1)

2.3.4 Wat kom toe verby hulle kar gevlieg wat Kaptein Duiwel uit die vragmotor se venster gegooi het. (1)

2.3.5 Noem twee dinge wat die verteller van Pofadder sien toe hulle verbyjaag. (2)

2.3.6 Wat doen die verteller se oupa toe hulle so vinnig veby Pofadder ry? Noem TWEE feite. (2)

2.4 Die verteller se pa besluit toe genoeg is genoeg en trap die briek tot teen die vloer.

2.4.1. Wat het met die tou gebeur toe hy dit gedoen het? (1)

2.4.2. Wat het met die passasiers in die kar gebeur? (1)

2.4.3. Wat het met die verteller gebeur? (1)

[18]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

My siel, Pa – Marie Van Rensburg

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

My siel, Pa.

Hoeveel ekstra vakke Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa ...
Kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, is Pa ooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Marie van Rensburg

3.1 Noem twee prestasies wat die pa van die seun verwag? (2)

3.2 Watter een woord sê vir ons dat die pa die beste prestasie in sy seun se akademie verwag. (1)

3.3 Die standaard Afrikaanse vergelyking sê : " Dit hang soos 'n wolk oor my kop". Hoekom is die uitdrukking "soos 'n galgtou oor my kop" in die gedig meer effektief (1)

3.4 Is die volgende stelling waar of onwaar is? Motiveer jou antwoord deur een woord uit strofe 1 aan te haal.

Dis die seun se eie keuse om die top presteerder in sy klas te wees. (1)

3.5 Oor watter sportsoort handel strofe 2? (1)

3.6 Watter een woordjie in strofe 2 sê vir ons dat die spreker baie rekords behaal het? (1)

3.7 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.7.1 – 3.7.2) en die antwoord neer.

Die seun beskryf die seun homself as ‘n “Turksvy-kind” wat beteken hy is 3.7.1 (‘n aangename kind /‘n probleemkind) en die stylfiguur staan bekend as ‘n 3.7.2 (metafoor/vergelyking). (2)

3.8 Pas die reël uit die gedig in Kolm A by die stylfiguur in Kolom B en skryf net die vraagnommer (3.8.1. – 3.8.3) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
3.8.1	my siel, Pa ...	A	Retoriese vraag
3.8.2	wat oor my vou soos 'n donker kleed	B	Enjambement
3.8.3	Hoeveel ekstra vakke Pa?	C	Herhaling
		D	Vergelyking

(3)

3.9 Haal drie aparte woorde uit strofe 3 aan wat vir ons sê dat die seun rugby speel. (3)

3.10 Presteer die seun goed op die rugbyveld omdat hy self wil? Motiveer jou antwoord deur ‘n versreël uit strofe 3 aan te haal. (1)

3.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.11) en die letter (A – D) neer.

Wat is die tema van die gedig?

A Die seun wil die beste wees in die sport wat hy doen.
B Die seun hou van die druk wat sy pa op hom sit om te presteer.
C Die seun wil weet hoekom sy pa hom so forseer om te presteer.
D Die pa laat die seun toe om die areas waarin hy wil presteer te kies. (1)

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Wetenskapmannetjies* – Antjie Korg**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Wetenskapmannetjies

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

Daarom liewe menere teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.

Antjie Krog

4.1. Hoekom word die verkleinwoord "Wetenskapmannetjies" gebruik? (1)

4.2. Waar, volgens die spreekster, sal die wetenskaplikes nooit uitkom deur net deur hul teleskope te kyk nie? (1)

4.3. Is die volgende stelling waar of onwaar is? Motiveer jou antwoord deur een woord aan te haal.

Die spreekster dink die werk wat die wetenskaplikes doen, is fantasties. (1)

4.4. Haal twee aparte woorde aan om te sê wat die wetenskaplikes dink met die son gaan gebeur. (2)

4.5. Haal een woord aan uit die gedig wat aandui dat die wetenskaplikes nie seker is wanneer die verskriklike ding met die son gaan gebeur nie. (1)

4.6. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die vraagnommer (4.6.1. – 4.6.2.) en die antwoord neer.

Die spreekster en haar vriende sit 4.6.1 (vroegoggend/laatmiddag) op die windpomp en kyk hoe die son 4.6.2. (opkom/sak). (2)

4.7. Die spreekster sê sy teken klawertjies tussen haar huiswerk in haar Wetenskapboek. Wat vertel dit vir ons van hoe sy oor Wetenskap voel? (1)

4.8. Pas die reël uit die gedig in Kolom A by die stylfiguur in Kolom B en skryf net die vraagnommer (4.8.1 – 4.8.3) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
4.8.1.	Julle **s**it onder **s**wart tele**s**kope en kyk na die **s**on.	A	Inversie
4.8.2.	h**oe** hy bl**oei**,h**oe** die vaal lug gl**oei**, h**oe** die bome tot silhoeëtte verskr**oei**.	B	Enjambement
4.8.3.	Pateties bepaal julle dan ligjare en vertel dat die son as't ware	C	Alliterasie
		D	Assonansie

(3)

4.9. Wat beteken "ek kwadreer my vreugdes"? (1)

4.10 Tot watter gevolgtrekking kom die spreekster oor syfers

4.11 Twee sintuie is belangrik in die gedig. Skryf die twee sintuie neer en sê elke keer waarvoor die spreekster dit gebruik. (4)

4.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.11) en die letter (A – D) neer.

Die tema van die gedig is die spreekster…

A die spreekster hou van die windpomp en die son.
B die spreekster haat Wetenskap en stel eerder belang in die natuur.
C die spreekster het respek vir wetenskaplikes en die werk wat hulle doen.
D die spreekster teken klawertjies in haar boek omdat sy van Wetenskap hou. (1)

[18]

TOTAAL AFDELING B 35
VRAESTEL TOTAAL 70